Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

Indien mediese advies benodig word, hou die produkhouer of -etiket byderhand.
Hou buite bereik van kinders.
Lees sorgvuldig en volg alle instruksies.
Vermy vrystelling in die omgewing.
Dra beskermende handskoene, beskermende klere, oogbeskerming en gesigbeskerming.
Was hande en gesig deeglik na hantering. Moet nie aan oë raak nie.
INDIEN IN OË: Spoel versigtig met water vir etlike minute. Verwyder kontaklense indien aanwesig en maklik om te verwyder. Hou aan met spoel.
Indien velirritasie ontstaan: Kry mediese hulp.
Indien oogirritasie voortduur: Kry mediese hulp.
Maak stortsel bymekaar.
Berg agter slot en grendel.
Raak ontslae van inhoud en houer volgens nasionale regulasies.

Vermy die wegdryf van spuitstof na ander gewasse, weidingsgebiede, riviere, damme, en ander areas wat nie onder behandeling is nie.
Alle apparaat moet na gebruik deeglik skoongemaak word en die waswater moet weggedoen word sonder om die omgewing te besoedel.

SPOEL DIE LEË HOUER DRIE MAAL SOOS VOLG: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat die vloei tot 'n gedrup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer uit met skoon water, gelykstaande aan 'n minimum van 30 % van die houer se volume, en giet die spoelwater in die spuit- of mengtenk. Kap gate in die drie keer gespoelde houer, waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za). Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

RELEVANTE STOWWE:

Spinosad (Cas no: 168316-95-8) Waterlewend Akueel Kategorie 1, H400; Waterlewend Kronies Kategorie 1, H410 (48 % m/v).

Naftaleensulfonaat sout derivaat, polimeer met formaldehid (Cas no: 68425-94-5) Vel Irritasie Kategorie 3, H316; Oog Irritasie Kategorie 2, H319 (< 10 % m/v).

NOODHULP BEHANDELING

In geval van 'n ongeluk of as jy onwel voel, verkry onmiddellik mediese advies en wys hierdie ETIKET waar moontlik

- INASEMING:**
- Neem die slagoffer weg van die onmiddellike bron van blootstelling. Verskuif die slagoffer na vars lug as dit veilig gedoen kan word en hou gemaklik. Indien die slagoffer ophou asemhaal, pas kunsmatige asemhaling toe.
- VEL:**
- Dien suurstof toe as die slagoffer se asemhaling moeilik of onreëlmatig is. Verkry mediese hulp.
 - Verwyder en isoleer besmette klere, skoene en leergoedere dadelik.
 - Spoel aangetaste areas onmiddellik met nieskurende seep of sagwerkende wasmiddel en groot hoeveelhede lopende water. Was besmette klere voor hergebruik. Kry mediese hulp indien irritasie ontwikkel en voortduur.
- OË:**
- Spoel oë versigtig met skoon lopende water vir etlike minute.
 - Verwyder kontaklense na 5 minute indien aanwesig en maklik om te doen. Hou aan met spoel terwyl ooglede vanmekaar gehou word. Kry mediese hulp indien irritasie voortduur.
- OPNEMING:**
- Indien ingesluk, MOET NIE vomering induseer nie, tensy 'n gifsentrum of dokter opdrag gee om dit te doen.
 - Laat die persoon slukkies water neem indien dit moontlik is om te sluk. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie. Indien die persoon wel vomeer, hou aan om vloeistowwe te gee. Verkry mediese hulp.
- NOTA AAN GENEESHEER:**
- Daar is nie 'n spesifieke teenmiddel nie. Alle behandeling moet gebaseer word op waargenome tekens en simptome van nood by die pasiënt.
- MOONTLIKE GESONDHEIDSGEVOLGE, AKUELE EN VERTRAAGDE:**
- Gevolge van blootstelling (inaseming, opneming of velkontak) aan stof kan vertraag wees.

WEERSTANDSWAARSKUWING

INSEKDODER WEERSTANDBESTUUR

Vir weerstandsbestuur, **SpinoCide 480 SC** is 'n IRAC groepkode (5) insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SpinoCide 480 SC**, of enige ander groepkode (5) insekdoders het. Indien hierdie groepkode (5) insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **SpinoCide 480 SC** of enige ander groepkode (5) insekdoders beheer word nie.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak gerus die registrasiehouer van hierdie produk. Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word die verbruikers sterk aanbeveel om die behandelde area behoorlik te monitor. Indien die aanbevole **SpinoCide 480 SC** behandeling nie effektief was nie, kan 'n weerstandbiedende populasie teenwoordig wees. Indien 'n weerstandbiedende variant positief geïdentifiseer is, moet die verbruiker dit sterk oorweeg om insekdoders met ander werkingswyses, waarvoor daar geen rekord van weerstand is nie, te gebruik.

Om die ontwikkeling van insekdoderweerstand te voorkom en te vertraag:

- ▶ vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af, of gebruik in tenkmengsels saam met geregistreerde produkte van verskillende insekdoder groepkodes,
- ▶ raadpleeg toepaslike individuele produktetikette wanneer produkte afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte van ander insekdoder groepkodes,
- ▶ moet nie minder as die aanbevole dosis vir insekdoders gebruik nie,
- ▶ toedienings moet geteiken word teen vroeë insek ontwikkelingsstadia waar moontlik,
- ▶ monitor behandelde insekpopulasies in die veld vir die verlies van produkeffektiwiteit,
- ▶ integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouings, biologies) in insekdoder programme.

GEÏNTEGREERDE PLAAGBESTUUR (IPM) PROGRAMME

SpinoCide 480 SC kan gebruik word as deel van IPM programme in verskeie gewasse en moet toegedien word wanneer monitering aandui dat die populasiedigtheid van teikenplae die ekonomiese drempel bereik het (die punt waar die insekpopulasie verminder moet word om ekonomiese verliese te voorkom wat die koste van beheer oorskry) soos beskryf onder aanbevelings. **SpinoCide 480 SC** toedienings moet sover moontlik teen die vroeë instar larwes en/of eiers van die pes gerig wees. **SpinoCide 480 SC** wat onder goeie landboupraktyke (GAP) gebruik word, het nie 'n beduidende impak op sekere parasitiese of predatoriese insekte, insluitend goudogies, liewenheersbesies, roofmyte, spinnekoppe ens, nie. Die teenwoordigheid van hierdie voordelige organismes sal bydra tot die natuurlike beheer van ander insekte en die waarskynlikheid van sekondêre plaaguitbrake verminder. Indien **SpinoCide 480 SC** toegedien word saam met 'n insekdoder wat die selektiwiteit vir die behoud van voordelige roofinsekte verminder, dan kan dit die volle voordeel van **SpinoCide 480 SC** vir die IPM program verminder.

Effekte op voordelige organismes:

- ▶ Bye en jong bye – matig giftig
 - **SpinoCide 480 SC** is giftig vir bye en byekolonies wanneer dit blootgestel word aan direkte bespuiting of behandelde blomme terwyl dit nog nat is. Wanneer die spuitneerslag droog is, is die effek op bye minimaal.
 - Moet nie direk op aktiewe bye toedien nie en laat ten minste 3 ure tussen toediening en byvoedingsperiodes toe.
 - In tye wanneer gewasse in blom is, en of wanneer enige ander byvoedselplantegroei, insluitend onkruid in blom, binne 500 m van die behandelde area voorkom, moet **SpinoCide 480 SC** vroeg in die aand toegedien word, sodra bye na hul korwe teruggekeer het.
 - Kommunikeer met byboere, bure en plaaslike voorligtingsdienste wanneer daar op gewasse wat in die omgewing van ander gewasse wat in blom is toegedien word. Neem spesiale sorg waar bestuiwing benodig word vir vrugteproduksie.
- ▶ Parasitoïede – skadelik
 - Alhoewel **SpinoCide 480 SC** as skadelik beskou word vir parasitoïede, kan 'n vinnige herstel van getalle na toediening waargeneem word.
- ▶ Roofmyte – onskadelik

- Liewenheersbesies (Coccinellidae) – effens skadelik
- Gaasvlerkies (Neuroptera) – effens skadelik
- Sitrus voordelige insekte:
 - *Chilochorus nigrinus* – effens skadelik
 - *Aphytis lingnanensis* – skadelik
 - *Coccidoxenoides peregrinus* – baie skadelik
 - *Trichogrammatoidea cryptophlebiae* – effens skadelik
 - *Euseius citri* – effens skadelik

WERKINGSWYSE:

Spinosad is 'n spinosien (naturaliet) insekdoder (IRAC groep 5) met kontak- en maagaksie. Dit werk deur die insek se senuweestelsel te stimuleer, wat lei tot onwillekeurige spierkontraksies en verlamming. Nikotien-asetielholienreseptor (nAChR) allosteriese modulator – Posisie I.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moet nie toedien gedurende winderige toestande nie.
- Dien direk op die teikengewas toe en verseker minimale spuitnewel wegdrywing.
- As dit binne twee (2) ure na toediening reën, moet die toediening herhaal word.
- Moet nie in modderige water toedien nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS – gebruik slegs soos aangedui

VERENIGBAARHEID:

SpinoCide 480 SC is oor die algemeen verenigbaar met plaagdoders en nie-ioniese byvoegmiddels met verspreidings- en penetrasie-eienskappe. Die verenigbaarheid van **SpinoCide 480 SC** met ander produkte hang af van die formulering van die onderskeie produkte sowel as die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik gaan word. Moet nie **SpinoCide 480 SC** in modderige water toedien nie. Dit is moontlik dat formulering van tyd tot tyd kan verander. **Dit word dus aanbeveel, veral wanneer benatters gebruik word, om 'n kleinskaalse fisiese verenigbaarheidstoets (fles toets) gedoen word voordat die tenkmengsel gemaak word deur relatiewe verhoudings van die tenkmengselbestanddele te gebruik.** As blaarvoeding gebruik word, moet die verenigbaarheidstoets met elke lot herhaal word. Raadpleeg altyd die etikette van produkte wat met **SpinoCide 480 SC** in 'n tenk gemeng gaan word.

MENGINSTRUKSIES:

Skud die SpinoCide 480 SC-houer goed voor gebruik. Plaas die dop direk na gebruik terug. 'n Spuitmengsel pH tussen 6.0 en 9.0 word voorgestel om maksimum doeltreffendheid van **SpinoCide 480 SC** te bereik, 'n lae pH-waarde (< pH 6) van die spuitmengsel sal die residuele prestasie verminder. As die waterbron buite hierdie pH-reeks val, of tenkmengsels met ander plaagdoders, adjuvante, of blaarvoedings die pH buite hierdie reeks laat val, oorweeg om die spuitmengsel se pH tussen 6.0 en 9.0 aan te pas voordat **SpinoCide 480 SC** bygevoeg word. Om dit te doen, voeg eers al die ander tenkmengselkomponente by, toets dan die spuitmengsel se pH, pas aan indien nodig, en voeg dan **SpinoCide 480 SC** by.

SpinoCide 480 SC alleen:

Vul die spuittenk met water tot die helfte (½) van die vereiste spuitvolume, begin roer en voeg 'n buffer by indien nodig. Voeg die korrekte hoeveelheid **SpinoCide 480 SC** by die spuittenk terwyl geroer word om 'n homogene emulsie te vorm. Vul die spuittenk met die res van die water terwyl geroer word. Handhaaf voldoende roering tydens toediening om eenvormigheid van die spuitmengsel te verseker.

SpinoCide 480 SC tenkmengsel:

Vul die spuittenk met water tot 'n kwart (¼) van die vereiste spuitvolume. Terwyl die spuittenkwater geroer word, voeg die produkte in die volgende volgorde by – buffer, benatbare poeiers, waterdispergeerbare korrels, **SpinoCide 480 SC** en ander suspensiekonsentrate, emulgeerbare konsentrate, oplosbare konsentrate en laastens benatters/adjuvante. Vul die mengtenk met skoon water tot die vereiste spuitvolume terwyl geroer word. Roer voortdurend en deeglik voor en tydens toediening. Om skuimvorming te voorkom, vermy om lug in die spuitmengsel in te meng. Gebruik die spuitmengsel onmiddellik, moet dit nie vir 'n lang tydperk in die spuittenk bv. oornag, laat nie. Maak alle toerusting deeglik skoon na gebruik en gooi afvalwater weg sonder om die omgewing te besoedel.

TOEDIENING:

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gaan gereeld na om seker te maak dat die toediening egalig en akkuraat is. Handhaaf voldoende roering tydens toediening om eenvormigheid van die spuitmengsel te verseker. Herhaal die toediening as dit binne twee (2) ure na toediening reën. Holkeël spuitkoppe wat geskik is vir insekdoder-toedienings word aanbeveel. Die volgende aanbevelings word voorsien vir doeltreffende **SpinoCide 480 SC**-toedienings:

Rygewas toedienings:

- Gebruik konvensionele grondspuittoerusting, korrek gekalibreer vir optimale bedekking van die teikengewas.
- Stel spuitbalk en spuitkoppe op vir eweredige bedekking van die teikengewas.
- Sekere toestande mag spuitkoppe op valarms vereis vir eweredige gewasbedekking.
- Volg altyd die vervaardiger se aanbevelings vir ideale spuitkopspasiëring, druk, en spuitbalkhoogte.

Vrugtebome toedienings:

- Gebruik konvensionele boord spuittoerusting, korrek gekalibreer, om optimale bedekking van die teikengewas en akkurate dosis per hektaar te verseker.

➤ **Bladwisselende vrugtebome:**

- Dien **SpinoCide 480 SC** in 'n hoë volume aanwending op bladwisselende vrugtebome toe.
- Bereken die vereiste watervolume (ℓ) per hektaar (ha) nodig vir 'n voldebespuiting volgens die boomry volume (BRV) berekening:

• **BRV (Groenpunt tot +/- 30 % blom)**

$$\ell \text{ water/ha} = [(\text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937) / \text{Rywydte}] \times 60 \%$$

• **BRV (Vol blom tot +/- middel November)**

$$\ell \text{ water/ha} = [(\text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937) / \text{Rywydte}] \times 80 \%$$

• **BRV*** (Volblad)

$$\ell \text{ water/ha} = [(\text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnit} \times 937)/\text{Rywydte}] \times 100\%$$

Gebruik die formule hierbo om die vereiste spuitvolume vir **SpinoCide 480 SC** per hektaar te bereken. Dit is belangrik dat die korrekte hoeveelheid **SpinoCide 480 SC** per hektaar toegedien word.

Die boomhoogte en boomwydte moet gemeet word wanneer die bome in volblad is.

*Boomry Volume (BRV) formule beskryf deur Unrath (Deciduous Fruit Grower Nov. 1986)

➤ **Tafeldruif toedienings:**

- Dien **SpinoCide 480 SC** as 'n hoë volume spuit op tafeldruif toe.
- Bereken die spuitvolume (ℓ) per hektaar (ha) wat vir 'n hoë volume toediening gedurende 'n spesifieke groeistadium benodig word, deur die volgende riglyne te gebruik:

Groeistadium	Voorgestelde Volume vir Hoë Volume Toediening
2,5 cm tot 25 cm lootlengte	500 – 750 ℓ/ha
25 cm lootlengte tot net-voor-blom	750 – 1000 ℓ/ha
Blom tot ertjekorrel stadium	1000 – 1200 ℓ/ha
Ertjekorrel stadium tot oes	1200 – 1500 ℓ/ha

Waarskuwing: Waar gewasse onder skadunet geproduseer word, kan die afbraak van spinosad langer neem, wat die onthoudingsperiodes/residu sal verleng.

ADJUVANTE:

Geregistreerde adjuvante kan gebruik word om die beheer van blaarmyners en blaaspootjies te verbeter in situasies waar dit moeilik is om eweredige plantbedekking te bereik (soos by geslote blaardakke of digte blaarbedekking), of as die vrug/plantoppervlak wat behandel moet word wasagtig of moeilik is om te benat.

TOEDIENINGSTABEL		
GEWAS en PLAAG	DOSIS	OPMERKINGS
AARBEIE Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)	20 mℓ/100 ℓ	<ul style="list-style-type: none"> • Bolwurm: Dien SpinoCide 480 SC as 'n voldekbepuiting toe, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Begin met toedienings wanneer die infestasiesvlak by of bo die drempelwaarde is. • Nota: As 'n enkel korrektiewe bespuiting is SpinoCide 480 SC meer effektief teen die vroeë instar larwestadium van bolwurm.
Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend Westerse blomblaaspootjies, <i>Frankliniella occidentalis</i>)	15 mℓ/100 ℓ	<ul style="list-style-type: none"> • Blaaspootjies: Dien SpinoCide 480 SC toe as 'n ligte dekbespuiting by die eerste tekens van blaaspootjies en herhaal die toediening na 7 dae indien nodig, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Gereelde monitering is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening moet begin. Let daarop dat warm weerstoestande blaaspootjie-aktiwiteit bevorder. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as drie (3) keer per gewassiklus toedien nie. Wissel die gebruik van SpinoCide 480 SC af met geregistreerde insekdoders met 'n ander werkingswyse.</p>
AARTAPPELS Aartappelblaarmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>) Aartappelmot larwe (<i>Phthorimaea operculella</i>)	30 mℓ + 150 – 250 mℓ ligte of medium smal bestek minerale olie OF 'n Geregistreerde benatter teen die geregistreerde dosis vir gebruik op aartappels per 100 ℓ	<ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC in 'n spuitprogram as 'n voldekbepuiting teen 500 – 1000 ℓ/ha spuitmengsel toe, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Die spuitmengselvolume wat per hektaar (ha) toegedien moet word, hang van die plantgrootte en blaardigtheid af. Begin met 'n minimum van 500 ℓ/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 1000 ℓ/ha soos die plantgrootte toeneem. • Begin met bespuiting by die eerste simptome van besmetting (myne) of dien toe as 'n opvolgtoediening binne 'n spuitprogram na insekdoders vanuit ander chemiese klasse. • Dien 'n minimum van twee (2) opeenvolgende SpinoCide 480 SC toedienings toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. Dien elke 7 – 10 dae toe, gebruik die korter interval van 7 dae in die geval van ernstige besmetting, tydens weerstoestande wat die ontwikkeling en verspreiding van die plaag bevoordeel, of wanneer voordelige insekte afwesig is. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) opeenvolgende toedienings van SpinoCide 480 SC in enige 28-dae tydperk toedien nie. Wissel SpinoCide 480 SC in</p>

		<p>’n spuitprogram met insekdoders vanuit ander chemiesegroeppe, vir die duur van ten minste een generasie van die pes, af.</p> <p>Moet nie SpinoCide 480 SC meer as ses (6) keer per gewassiklus toedien nie.</p> <p>In die geval van aartappelblaarmyner, wissel SpinoCide 480 SC met abamektien-bevattende insekdoders af.</p> <p>Erd die plant rye ten minste twee keer per groeiseisoen op teen aartappelmot.</p>
<p>BLAARSLAAI Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>20 mℓ (100 – 200 mℓ/ha) + 150 – 250 mℓ ligte of medium smal bestek minerale olie OF ’n Geregistreerde benatter teen die geregistreerde dosis vir gebruik op blaarslaai- per 100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC in ’n spuitprogram as ’n voldekbepuiting teen 500 – 1000 ℓ/ha toe, verseker deeglike benatting van plante, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Begin met die toediening wanneer bolwurm opgemerk word of dien toe as ’n opvolgtoediening binne ’n spuitprogram na insekdoders van ’n ander groepkode. • Gereelde monitering is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening moet begin. • Dien ’n minimum van twee (2) opeenvolgende SpinoCide 480 SC bespuitings vir effektiewe plaagbeheer toe. • Dien elke 7 – 10 dae toe, gebruik die korter interval van 7 dae in die geval van hoë getalle of gedurende warm, vogtige weerstoestande wat die ontwikkeling en verspreiding van die bolwurm kan bevoordeel. • Die spuitmengselvolume wat per hektaar (ha) toegedien moet word, hang af van die plantgrootte. Begin met ’n minimum van 500 ℓ/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 1000 ℓ/ha soos die plantgrootte toeneem. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) opeenvolgende toedienings van SpinoCide 480 SC in enige 28-dae tydperk oorskry nie. Wissel SpinoCide 480 SC in ’n spuitprogram met insekdoders van verskillende groepkodes vir ten minste een bolwurm generasie af. Moet nie SpinoCide 480 SC meer as ses (6) keer per gewassiklus toedien nie.</p>
<p>BOLGEWASSE (grasuie, greie en uie) Blaaspootjies (<i>Thrips tabaci</i>)</p>	<p>15 mℓ (75 – 150 mℓ/ha) + 150 – 250 mℓ ligte of medium smal bestek minerale olie OF ’n Geregistreerde benatter teen die geregistreerde dosis vir gebruik op grasuie/preie/ue per 100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC in ’n spuitprogram as ’n voldekbepuiting teen 500 – 1000 ℓ/ha toe, verseker deeglike benatting van plante, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Begin met die toediening wanneer blaaspootjies opgemerk word of dien toe as ’n opvolgtoediening binne ’n spuitprogram na insekdoders van ’n ander groepkode. • Gereelde monitering is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening moet begin. Let daarop dat warm weerstoestande blaaspootjie-aktiwiteit bevoordeel. • Dien ’n minimum van twee (2) opeenvolgende SpinoCide 480 SC-bespuitings toe om effektiewe plaagbeheer te verseker. • Dien elke 7 – 10 dae toe, gebruik die korter interval van 7 dae in die geval van hoë populasiedruk of tydens gunstige weerstoestande. • Geringe blaaspootjieskade mag steeds waargeneem word, ten spyte van ’n bestuurprogram. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) opeenvolgende toedienings van SpinoCide 480 SC in enige 28-dae tydperk oorskry nie. Wissel SpinoCide 480 SC in ’n spuitprogram met insekdoders vanuit verskillende groepkodes af vir een generasie van blaaspootjies. Moet nie SpinoCide 480 SC meer as ses (6) keer per gewassiklus toedien nie.</p>
<p>KERNVRUGTE (appels en pere) Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>20 mℓ/100 ℓ</p>	<p>Dien SpinoCide 480 SC as ’n voldekbepuiting toe, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). Begin met die toedienings wanneer monitering aandui dat die bolwurm en blaaspootjie populasie tellings by of bo die drempelwaarde is.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bolwurm: Aangewend as ’n enkel korrektiewe toediening, is SpinoCide 480 SC meer effektief teen die vroeë instar larwestadium van bolwurm.

<p>(appels)</p> <p>Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend Westerse blomblaaspootjies, <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>15 mℓ/100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Blaaspootjies: Die kritieke stadium waartydens blaaspootjies geneig is om die meeste skade te veroorsaak, is normaalweg gedurende die vroeë blom tot kort ná blomperiode. • Gereelde monitering gedurende hierdie stadium is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening moet begin. Let daarop dat warm weerstoestande blaaspootjie-aktiwiteit bevorder. • Afhangend van die duur van die blomperiode en die vlak van infestasië, mag 'n opvolgtoediening binne 7 – 10 dae nodig wees vir voldoende beheer. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) keer per seisoen toedien nie.</p>
<p>SITRUS Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>20 mℓ/100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Bolwurm: Dien SpinoCide 480 SC as 'n hoë volume voldekbepuiting toe, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings) • Begin met die toedienings wanneer monitering aandui dat bolwurmtellings by of bo die drempelwaarde is. • Nota: As 'n enkel korrektiewe toediening, is SpinoCide 480 SC meer effektief teen die vroeë instar larwestadium van bolwurm.
<p>Sitrusblaaspootjies (<i>Scirtothrips aurantii</i>)</p>	<p>15 mℓ + 300 mℓ van 'n geregistreerde ligte of medium smal bestek minerale olie per 100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Blaaspootjies: Dien SpinoCide 480 SC as 'n ligte tot medium dekbespuiting tot die punt van afloop toe. • Begin met toedienings by 90 % blomblaarval by die eerste tekens van blaaspootjies. Neem kennis dat warm weerstoestande blaaspootjie-aktiwiteit bevorder. • Afhangend van die vlak van infestasië, mag opvolgtoedienings binne 7 – 10 dae nodig wees vir voldoende beheer. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) keer per seisoen toedien nie. Wissel af met 'n ander klas insekdoder vir weerstandsbestuurdoeleindes.</p>
<p>STEENVRUGTE (kersies, nektariens, perskes, pruime) Afrika bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>20 mℓ/100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC as 'n hoë volume voldekbepuiting toe, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Begin met toedienings wanneer die infestasiëvlak by of bo die drempelwaarde is. • Nota: As 'n enkel korrektiewe bespuiting, is SpinoCide 480 SC meer effektief teen die vroeë instar larwestadium van bolwurm.
<p>(kersies, nektariens, pruime)</p> <p>Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend Westerse blomblaaspootjies, <i>Frankliniella occidentalis</i>)</p>	<p>15 mℓ/100 ℓ</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die kritieke periode wanneer blaaspootjies geneig is om die meeste skade te veroorsaak, is normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom. • Gereelde monitering gedurende hierdie periode is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening gemaak moet word. Let daarop dat warm weerstoestande blaaspootjie-aktiwiteit bevorder. • Afhangend van die duur van die blomperiode en die vlak van besmetting, mag 'n opvolgtoediening binne 7 – 10 dae nodig wees vir voldoende beheer. • Verwys na die gebruiksaanwysings vir toedieningsaanbevelings. <p>Kersies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC as 'n ligte dekbespuiting toe sodra blaaspootjies opgemerk word. <p>Nektariens:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die kritieke periode waarin blaaspootjies die meeste skade aan nektariens veroorsaak, is normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom (vroeë skade), maar ook kort voor die oes (versilwering). • Gereelde monitering gedurende hierdie periodes is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening gemaak moet word. Let daarop dat warm weerstoestande blaaspootjie-aktiwiteit bevorder. <ul style="list-style-type: none"> • Vroeë skade: Dien SpinoCide 480 SC gedurende die blomperiode as 'n hoë-volume voldekbepuiting toe wanneer die blaaspootjie-drempelwaarde bereik word. • Afhangend van die duur van die blomperiode en die vlak van besmetting, mag 'n opvolg toediening binne 7 – 10 dae nodig wees vir voldoende beheer.

		<ul style="list-style-type: none"> • Versilwering: Dien SpinoCide 480 SC as 'n hoë-volume voldekbespuiting toe wanneer die eerste blaaspootjie-aktiwiteit wat verantwoordelik is vir die versilwering, opgemerk word. • Moet nie binne 7 dae voor die oes toedien nie. <p>Pruime:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC gedurende die blomperiode as 'n hoë-volume voldekbespuiting toe, wanneer die blaaspootjie-drempelvlak bereik is, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) keer per seisoen op nektariens, perskes en pruime toedien nie, en nie meer as drie (3) keer per seisoen op kersies nie. Bly by die onthoudingsperiodes vir elke gewas.</p>
TAFELDRUIWE Afrika bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	20 mL/100 ℓ	<ul style="list-style-type: none"> • Bolwurm: Dien SpinoCide 480 SC as 'n hoë volume voldekbespuiting toe, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Begin met toedienings wanneer die infestasielvlak by of bo die drempelwaarde is. • Nota: As 'n enkel korrektiewe bespuiting, is SpinoCide 480 SC meer effektief teen die vroeë instar larwestadium van bolwurm.
Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend Westerse blomblaaspootjies, <i>Frankliniella occidentalis</i>)	15 mL/100 ℓ	<ul style="list-style-type: none"> • Blaaspootjies: Dien SpinoCide 480 SC gedurende die blomperiode as 'n hoë volume voldekbespuiting toe wanneer die blaaspootjie-drempelwaarde bereik word, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Die kritieke periode waarin blaaspootjies geneig is om die meeste skade te veroorsaak, is normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom. In sommige gebiede en onder gunstige omstandighede (warm en droë weer), kan blaaspootjies ook later in die seisoen voorkom. • Gereelde monitering is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening moet begin. • Afhangend van die duur van die blomperiode en die vlak van besmetting, mag 'n opvolgtoediening binne 5 – 7 dae nodig wees vir voldoende beheer. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as twee (2) opeenvolgende toedienings in totaal per seisoen toedien nie, hou by die 28 dae onthoudingsperiode.</p>
TAMATIES Amerikaanse blaarmyner <i>(Liriomyza trifolii)</i> Tamatieblaarmyner <i>(Tuta absoluta)</i>	30 mL (150 – 300 mL/ha) + 150 – 250 mL ligte of medium smal bestek minerale olie OF 'n Geregistreerde benatter teen die geregistreerde dosis vir gebruik op tamaties per 100 ℓ	<ul style="list-style-type: none"> • Dien SpinoCide 480 SC in 'n spuitprogram as 'n hoë volume voldekbespuiting teen 500 – 1000 ℓ/ha spuitmengsel toe, verseker deeglike benatting van plante, verwys na die gebruiksaanwysings (toedieningsaanbevelings). • Die volume van die spuitmengsel wat per hektaar (ha) toegedien moet word, hang af van die plantgrootte en die digtheid van die blare. Begin met 'n minimum van 500 ℓ/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 1000 ℓ/ha soos die plantgrootte toeneem. • Begin toediening wanneer die blaarmyners eerste waargeneem word of as 'n opvolg toediening binne 'n spuitprogram met insekdoders van ander chemiesegroepe. • Gereelde monitering is belangrik om te bepaal wanneer die eerste toediening gemaak moet word. • SpinoCide 480 SC moet teen 7 – 10 dae intervalle toegedien word. Gebruik die korter interval van 7 dae in die geval van swaar besmettings en gedurende weersomstandighede wat die ontwikkeling en verspreiding van die blaarmyners bevorder. Dien 'n minimum van twee (2) opeenvolgende SpinoCide 480 SC toedienings toe vir doeltreffende beheer. <p>Weerstandsbestuur: Moet nie meer as vier (4) opeenvolgende toedienings van SpinoCide 480 SC in enige 28-dag periode oorskry nie. Wissel SpinoCide 480 SC in 'n spuitprogram af met insekdoders vanuit ander chemiesegroepe vir die duur van ten minste een generasie van die plaag. Moet nie meer as ses (6) keer per gewassiklus toedien nie.</p>